Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 12 Maart 1952. Prys 3d. Nr. 15.

# O.B. MAG NIE SWYG OOR REPUBLIEK NIE

## *Prof. Van Rooy Praat Reguit*

**In 'n tweede boodskap aan die Ossewabrandwag oor die republiek (die eerste het verlede week verskyn) verklaar prof. D. J. van Rooy, voorsitter van die Grootraad, dat daar oor die republiek nie geswyg mag word nie. Ons swye fop niemand behalwe onsself nie. Soos in die verlede is konsiliasiepolitiek ook vandag ons doodsteek. Sy boodskap lui:**

**Dit word ons kwalik geneem dat ons nie wil stilbly oor die republiek nie. Daar is immers 'n nasionale regering aan bewind en „alles sal regkom." 'n Ou storie daardie, bekend sedert die dae dat Louis Botha die teuels in hande geneem het. Toe reeds moes ons hoor dat „ons mense" net hul kans afwag en dat hulle tog eers die Engelssprekendes moes versoen. „Konsiliasie" is dit toentertyd genoem; adv. Bertie van Hees het dit 'n keer op 'n politieke vergadering vertaal met „come silly asses!"**

Dit sou dan taktiek (lees: uitoorlê-politiek) wees om die Republiek te verswyg en oënskynlik Ryksgesindes te wees. Draai ons daarmee die Engelse of die Engelsgesinde Afrikaners 'n rat voor die oë? Allermins. Al ons lojaliteitsvertoon word met argwaan begroet of as vanselfsprekend aanvaar.

**Diep in sy hart verstaan my Engelssprekende medeburger dit dat ek 'n republikein is, en al hou hy nie daarvan nie, vind hy en ek tog 'n basis van samewerking en voldoende rede vir wedersydse vertroue en respek. Maar sodra ek danig begin word oor die koninklike huis en die Britse Gemenebes, neem hy daarvan kennis en skenk my voortaan hoogstens die aandag van sy wantroue en die blyke van sy minagting.**

### GEVARE

Waarom dan stilbly en stilsit? Ons moet onsself wees, eg en opreg. Dit word van ons verwag. Ons swye oor die Republiek fop niemand behalwe onsself nie. Hoeveel goeie Republikeine, selfs oud-stryders vir die Republiek, het so lank „takties" stilgebly, of selfs om politieke redes 'n anti-republikeinse houding ingeneem, dat hulle hul republikeinse gevoel op die duur heeltemal versmoor het? Sulke oud-republikeine wys op die gevare wat 'n Republiek sou bedreig. In die eerste sowel as in die tweede Wêreldoorlog sou dit Japan en Duitsland gewees het en nou is Rusland die paaiboelie. Teen al hierdie gevare het en sal Engeland ons beskerm, word gesê, maar nie as Suid-Afrika rasseprobleem bv. is Suid-Afri-



PROF. D. J. VAN ROOY

**Daardie beskerming, wat het in die verlede daarvan gekom? Was dit nie Suid-Afrika wat sy seuns moes stuur om Engeland te gaan beskerm en hom te help om meer van die aardbol onder SY beskerming te neem nie? En die wat nie wou gaan nie, waar het hulle beland? In tronke en interneringskampe.**

### BESKERMING

Niemand sal beweer dat 'n Republiek ons teen buitelandse gevare sal vrywaar nie. Maar dat die Republiek minder beskerming sal geniet as Suid-Afrika onder die Britse vlag, laat ek my altans nie vertel nie. In die eerste plek omdat soiets skaars moontlik is — die reeds genote beskerming was soos gesê miniem. In die tweede plek omdat, in die toekoms soos in die verlede, enige groot moondheid slegs beskerming verleen waar en wanneer dit in sy eie belang is en om geen ander rede hoegenaamd nie.

**Dit is net klein staatjies soos Suid-Afrika wat selfs teen sy eie belang doer ver in Korea gaan veg.**

Dit is egter in die Westerse volke se belang om Suid-Afrika te beskerm, net soos dit in ons belang is om vriendskapsbetrekkinge met Wes-Europa en Amerika te onderhou. Suid-Afrika as 'n vrye Republiek sal ewemin of eweveel aan **buitelandse** gevare blootgestel wees as die koninklike staat wat ons nou belewe.

### KONSILIASIE

'n Republiek kan egter die **binnelandse** gevare verminder. In sy behandeling van die rasseprobleem bv. is Suid-Afrika nog steeds en konsekwent deur die Ryksverband geknie-

(Vervolg in voorgaande kolom)

(Vervolg van volgende kolom)

halter. Dit is maar een voorbeeld uit vele waarop hier nie verder ingegaan sal word nie, hulle lê voor die hand.

**Ons stilswye om taktiese of lamlendige redes verloën ons volksideaal. Verlede keer is reeds daarop gewys dat die Afrikaanse jeug, en veral die studerende jeug, van die republikeinse gedagte afsterf. Wie kan hulle dit kwalik neem as selfs oud-stryders en vooraanstaande nasionale leiers met mekaar wedywer om dit in die doofpot te doen? Soos in die verlede is konsiliasiepolitiek ook vandag ons doodsteek.**

# *DROË BILTONG VIR WERWERS*

## Drie Pryse Uitgeloof

**'n Leser uit Suidwes-Afrika het drie pryse uitgeloof aan die drie persone wat in die tydperk 1 Januarie 1952 tot 30 Augustus 1952 die meeste intekenare op Die O.B. werf. Hy skryf dat hy bekend wil staan as „Suidwester" en dat sy naam voorlopig nie bekend gemaak moet word nie. Die eerste prys is vyftien pond droë biltong; tweede prys, tien pond biltong; en derde prys, vyf pond biltong.**

'n Paar weke gelede het een van Sybrand se lesers aan die hand gegee dat O.B.-lede 'n kompetisie aangaan om lesers te werf. Sybrand het die wenk verwelkom en gevra of 'n leser nie 'n prys wil uitloof nie. „Suidwester" loof nou drie pryse uit.

Die sekretaris van Voorslag (Edms.) Beperk sal die drie baaswerwers aanwys en teen sy bekendmaking sal geen appèl wees nie. Slegs gereelde nuwe intekenare sal vir die doeleindes van die kompetisie in aanmerking geneem word.

### MEESTE INTEKENARE

„Suidwester" skryf: „Ek sal drie pryse gee vir die drie persone wat vanaf 1 Januarie 1952 tot 30 Augustus 1952 die meeste intekenare op Die O.B. werf. Die O.B. moet die name en adresse van die wenners aan my en in die blad bekendmaak. Ek sal dan die pakkies aan die sekretaris stuur en hy moet dit aflewer.

„Die eerste prys sal wees vyftien pond droë biltong, tweede tien pond en derde vyf pond. Dit sal min of meer £10 se biltong wees.

**„Ek geniet Die O.B. en gee dit aan my vriende wat nog republikeine is om te lees.**

„Die nasionaliste haat Die O.B. omdat die blad die waarheid praat, wat seermaak, oor die nasionale regerings van die Unie en Suidwes.

### AFRIKANER SE LIEFDE

„Die beste van alles is darem dat die Sappe nou sonder beleid sit omdat dr. Malan en oom Klasie hulle beleid stelselmatig van hulle oorgeneem het."

„Suidwester" ken ongetwyfeld die Afrikaners in die Ossewabrandwag. Werwingswerk vir Die O.B. is vir hulle liefdeswerk. Maar biltong is ongetwyfeld deel van elke Afrikaner se liefde. Die lesers van Die O.B. sal gemoedelik met mekaar meeding om die biltong te kry— gelukkig in die wete dat die saak waarvoor hulle staan die voordeel daarvan sal geniet.

Dankie, „Suidwester." Maar onthou, saam met die biltong moet jy jou portret stuur vir publikasie in die blad, anders beboet ons jou met nog vyf pond biltong — vir die redaksie.

### NUWE LESERS

Verlede week het **Die O.B.** vyf nuwe lesers bygekry. Mnr. D. M. de Villiers van Slabberts het drie nuwe intekenare vir ses maande elk gewerf sowel as een gereelde nuwe leser.

Mnr. J. A. du P. Myburgh van Colesberg het een gereelde nuwe leser gewerf. Ons hartlike dank aan hierdie lesers wat gehelp het om ons blad te versprei.

Laat ons lesers nou almal nogeens aan die werk spring, nie alleen om nuwe lesers te werf nie, maar ook om 'n klompie lekker biltong te wen.

# BRITSE FEDERASIEPLANNE TEEN APARTHEID GEMIK

**Die Britse parlement het verlede week die federasie van die drie Britse gebiede in Midde-Afrika — Suid- en Noord-Rhodesië en Nyasaland — bespreek. James Griffiths, gewese minister van kolonies, het gesê dat die tyd aangebreek het om openlik te praat oor die kwessie van federasie. Hy het dit gedoen en terselfdertyd die Britse motiewe agter die federasie openbaar: Die Britte verlang federasie om Suid-Afrika se invloed en uitbreiding na die noorde die hoof te bied. Die Britse federasieplanne in Midde-Afrika is 'n doelbewuste gebaar van vyandskap nie alleen teen Suid-Afrika nie, maar veral teen Suid-Afrika se apartheidsbeleid vir die behoud van blanke heerskappy.**

Griffiths het gesê dat in 1950 by hom gepleit is dat daar ernstige redes bestaan vir federasie of nouer politieke assosiasie van die betrokke gebiede. En wat is die dringende politieke redes?

### OË OP BRITTANJE

Daar bestaan groot vrees, het Griffiths gesê, by meer as een van die rasse of gemeenskappe dat, tensy daar sterker politieke assosiasie is, met die oë op Brittanje vir sy inspirasie, tradisies en beginsels, ander idees en beginsels in die toekoms mag seëvier.

**Griffiths het die ander idees en beginsels wat gevrees word by name genoem. „Hierdie land behoort te weet," het hy daarby gevoeg, „dat die beleid van apartheid 'n duistere skaduwee oor Afrika werp."**

### GEVAAR

„Ek het lank gedink voordat ek dit gesê het, maar die tyd het aangebreek dat ons dit sê. Dis tyd dat ons dit besef. In gesprekke met verteenwoordigers van alle rasse in Midde-Afrika — die meeste privaat — is die werklike noodsaaklikheid aan my opgedring om bewustheid van die gevaar aan ons eie land tuis te bring."

Nou weet ons. Die „gevaar" van apartheid dwing die Britte om hul gebiede in Midde-Afrika te federeer.

### TWEE FEITE

Griffiths het verduidelik dat twee feite ter grondslag van die apartheidsgevaar lê. Die een is die instroming van Afrikaners na Suid- en Noord-Rhodesië en die ander is die propaganda vir Afrikaner-nasionalisme wat in die gebiede gemaak word. Die gevolg van dit alles is, volgens Griffiths, dat daar sterk gepleit word vir nouer politieke assosiasie tussen die drie gebiede, met die oog op die versterking van die gebiede se Britsskap.

### VENNOOTSKAP

Die beleid wat in die Midde-Afrikaanse federasie toegepas moet word is nie apartheid nie, maar wel vennootskap tussen wit en swart.

**Oliver Lyttleton, minister van kolonies, het gesê dat hy saamstem met Griffiths dat vennootskap die enigste beleid is waarvolgens wit en swart met mekaar kan saam werk in Afrika.**

Clement Davies van die Liberale Party het die geleentheid gebruik om 'n hewige aanval op Suid-Afrika te maak. Hy het weer te vertel dat Suid-Afrika die naturelle mishandel en die Britse regering en die V.V.O. uittart.

### OPOFFERINGS

Hierdie vyandskap teen Suid-Afrika word in die Britse parlement openbaar op 'n tydstip wanneer die volk van Suid-Afrika wag om van die regering te hoor watter opofferings hy moet maak om Brittanje te red. Maar dit is nie al nie.

### LEWENSBELANGE

**Veel belangriker is die feit dat die Afrikaner-kleurbeleid van apartheid — wat die enigste waarborg van ons blanke voortbestaan en heerskappy is — deur Brittanje as 'n gevaar beskou word. En so 'n groot gevaar dat hy selfs maatreëls tref om daardie beleid in Afrika te dwarsboom. Suid-Afrika se blanke belange en Brittanje se imperiale belange bots lynreg teen mekaar in Afrika. Dit is 'n waarheid wat elke Afrikaner — of hy Afrikaans of Engels praat — moet besef.**

### EIE BELEID IN AFRIKA

Suid-Afrika se lewensbelange laat nie toe dat die land ingesuig word in 'n Britse eenheid van Empire en Statebond nie. Inteendeel sy lewensbelange vereis die verbreking van die Britse konneksie en die navolging van 'n eie koers en beleid in Afrika.

DIE O.B., WOENSDAG, 12 MAART 1952

# MNR. ERASMUS, WAT IS DIE FEITE?

Die Minister van Verdediging, mnr. F. C. Erasmus, het verlede week 'n groep offisiere van die Staande Mag en van die Aktiewe Burgermag, wat die skynoorlog naby Potchefstroom bygewoon het, aldaar toegespreek.

Die Minister se toespraak is in Die Burger gerapporteer. Volgens Die Burger se verslag het die Minister o.a. gesê:

„Alle troepe wat vir geval van kommunistiese aggressie uit Suid-Afrika sal moet vertrek, sal ten volle en doeltreffend toegerus word **in die gevegsgebiede.**" (Ons onderstreep.)

Voorts het die Minister herhaal: „Troepe sal op grondslag van Suid-Afrika se ooreenkomste met Amerika en Brittanje ten volle toegerus word **in die gevegsgebiede.**" (Ons onderstreep weer.)

**SKERPSTE VEROORDELING**

Hierdie berig het verlede week, Donderdag, 6 Maart, in Die Burger verskyn. Tot op datum het minister Erasmus dit nie ontken nie of 'n korreksie daarvan aangekondig nie.

Ons weet nie of Die Burger se verslag van minister Erasmus se toespraak 'n juiste weergawe van sy woorde bevat nie. Blykbaar moet ons aanneem dat dit wel die geval is. **Indien mnr. Erasmus reg gerapporteer is in sy party se koerant, dan het die Minister op Potchefstroom so 'n belangrike en so 'n betekenisvolle verklaring gemaak dat dit die allernoukeurigste ontleding vereis. Trouens, indien die feite in ooreenstemming is met die aangehaalde woorde van die Minister van Verdediging dan vereis dit die skerpste veroordeling.**

**BESKAMENDE TOEDRAG VAN SAKE**

Ooreenkomstig die verslag van sy toespraak het mnr. Erasmus bekendgemaak dat die Suid-Afrikaanse soldate wat oorsee moet gaan veg, in geval van oorlog, nie in Suid-Afrika nie, maar eers in die gevegsgebied — op die slagveld — toegerus sal word. Dit beteken dat die Suid-Afrikaanse soldate, wat vir oorsese oorlogsdiens bestem is, in Suid-Afrika ongewapend sal wees. Eers wanneer hulle in die oorsese gevegsgebied aankom sal hulle bewapen word.

Ooreenkomstig die verslag van sy toespraak het mnr. Erasmus tewens verduidelik dat die wapentuig wat Suid-Afrika van Amerika en Engeland gekoop het — en ter afbetaling waarvan die Minister van Finansies reeds 'n spesiale rekening van £40,000,000 geopen het — nie in Suid-Afrika afgelewer sal word nie, maar wel op die slagveld aan Suid-Afrikanse soldate beskikbaar gestel sal word.

Dit is 'n beskamende toedrag van sake.

**HANDLANGERDIENS**

**Suid-Afrika as sodanig bly ongewapend — slegs die Suid-Afrikaanse soldate wat langs die Amerikaners en die Engelse op die oorsese slagvelde gaan veg sal bewapen word. En dan nog moet die Suid-Afrikaanse belastingbetaler vir daardie wapens betaal. Dis ongehoord. Dit verlaag ons soldate tot die status van huurtroepe. Dit skeur Suid-Afrika se selfstandigheid en die hoop op selfstandige deelname aan die naderende oorlog in flarde; trouens Suid-Afrika se deelname aan die oorlog word onder hierdie omstandighede letterlik handlangerdiens.**

Blykbaar het die groot moondhede — waaronder Brittanje — nie soveel vertroue in Suid-Afrika dat hulle sy soldate in hul vaderland wil bewapen nie. Hulle kan net wapens kry as hulle op die oorsese slagveld aankom waar hulle onder die Britse oog gehou kan word.

Dis ongelooflik, dat die Regering so 'n vernederende posisie kan aanvaar het en dat die Minister van Verdediging dit — nogal aan sy offisiere — kan aangekondig het. Daarom beklemtoon ons dat ons nie weet of die Minister korrek gerapporteer is in sy party se koerant nie.

**VERMOEDE VERSTERK**

Die vermoede dat ons sogenaamde bondgenote geen wapens aan Suid-Afrika gaan voorsien nie — afgesien van die wapens wat hulle in die vreemde aan ons soldate sal gee wat daar langs hulle troepe kom veg — word versterk deur die volgende uitlating van die Minister. (Ons haal weer aan uit Die Burger se verslag van die Minister se Potchefstroomse toespraak.) Mnr. Erasmus het gesê „dat ons ondersoek instel na die moontlikheid van plaaslike produksie en deur die onlangs gestigte verdedigingsproduksiekantoor beraam ons planne vir oorlogsproduksie en moedig ons Suid-Afrikaanse nywerhede in die rigting aan vir geval die vraag ontstaan."

**Wat moet 'n mens hieruit verstaan? Die Regering het reeds miljoene ponde beskikbaar gestel vir wapens wat aan ons soldate in die vreemde uitgedeel moet word; maar hy ondersoek nog maar die moontlikhede en hy beraam nog planne vir binnelandse oorlogsproduksie om Suid-Afrika as sodanig te bewapen, „vir geval die vraag ontstaan."**

**MAAK DIE FEITE BEKEND**

En dit ten spyte van die feit dat Suid-Afrika een van die wêreld se vyf grootste uraanprodusente is en derhalwe een van die wêreld se vyf grootste skywe geword het in geval van oorlog. **Ons ernstige versoek aan mnr. Erasmus is, om die feite bekend te maak. Die saak is so ernstig en so lewensbelangrik dat dit nie deur misverstand vertroebel mag word nie.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Laat hul nie Blinddoek nie*

Dit lyk vir my dat daar talle nasionale Afrikaners oral in Suid-Afrika is wat hulle nie meer laat blinddoek deur die Nasionale Party se propaganda nie. Die volk se oë begin oopgaan. So lyk dit vir my wanneer ek die briewe lees wat gedurende die afgelope weke in die korrespondensie - kolomme van die Afrikaanse koerante wat die Nasionale Party ondersteun verskyn het.

Daardie briewe het my republikeinse hart goed gedoen. Hulle het vir my die bewys gelewer dat daar — selfs buitekant die geledere van die Ossewabrandwag — nog baie Afrikaners is wat republikeine is. Daardie briewe kondig ook aan dat in die Nasionale Party republikeine is wat republikeine gaan bly — selfs ten spyte van die partyleiers se afdwalery van die republikanisme. Trouens daardie briewe toon aan dat die republikeine in die party oortuigde mense is, wat die moed het om hulle partyleiers te kritiseer wanneer laasgenoemde 'n verkeerde koers inslaan.

Hoe lank die partyleiers die kritiek sal duld en hoe lank hulle die partykoerante sal toelaat om dit te publiseer weet ek nie. Maar ek is dankbaar dat daar republikeine is in die Nasionale Party wat nie tevrede is met die koersafwykinge van hulle leiers nie en wat openlik kritiek daaroor uitspreek.

### *Trots op die Ossewabrandwag*

Wanneer ek hierdie dinge gadeslaan dan is ek baie trots op die Ossewabrandwag — wat deur dik en dun die regte koers hou. Dit is treffend dat die briewe, waarna ek verwys, direk of indirek die beleid van die Ossewabrandwag onderskryf en dat hulle die kritiek wat die O.B.-blad in die afgelope tyd op die Nasionale Party-regering uitgeoefen het letterlik onderstreep.

Dit bewys dat die Ossewabrandwag met die stem van die hele republikeinse Afrikanervolk praat.

Hieronder publiseer ek 'n brief van mnr. Wiets Marais, Pk. Fort Jameson, Noord-Rhodesië, wat in Die Burger verskyn het. Die brief is 'n pleidooi (heel moontlik onbewus) vir die Ossewabrandwag se oorlogsbeleid. „Laat ons dan Afrika help beskerm maar in hemelsnaam op ons eie voorwaardes," roep die skrywer uit. Dit is O.B.-beleid.

### *Oorlog op ons eie Voorwaardes*

Hier volg mnr. Marais se brief:

„Die Unie gaan £40 miljoen bestee om o.m. die gemors in Midde-Afrika te help beskerm en te bestendig. Wat is die toestand in Brits-Afrika? Eerstens, Suid-Rhodesië, waar ons 'n venynige anti-Unie-kliek aan die bewind kry. So hatig is hierdie seksie dat hy immigrasie uit die Unie, veral van Afrikaners, probeer beëindig. Hy weier botweg om 'n stukkie spoorweg van West Nicholson na Beitbrug te voltooi, omdat dit hom nader aan die Unie sal bring. Dit is hierdie vyand van die Unie wat ons moet help beskerm. Tweedens, is daar die gemors in Noord-Rhodesië en Njassaland, waar die Colonial Office net 'n oor het vir 'n klompie Kommunistiese raasbekke, en waar die toekoms van die blanke maar baie donker is.

„Derdens is daar Tanganjika en Kenia, en die Unie-soldate sal waarskynlik betyds wees om die grafte en bouvalle van 'n eertydse blanke beskawing te verdedig. Alles dui daarop dat in hierdie gebiede dit slegs 'n kwessie van jare sal wees voordat die doodsklok vir die blanke sal lui.

„Nou vra ons ons af: Is dit die moeite werd om hierdie warboel te gaan help verdedig? Wat het die Unie gekry vir sy Empaaier-diens in 1914 en weer in 1939? Stank vir dank, want Britse koerante beswadder en belaster ons en Britse staatslui neem daar genoeë mee.

„Is die regte beleid nie dit nie: Laat ons dan Afrika help beskerm, maar in hemelsnaam op ons eie voorwaardes. Die vernaamste daarvan moet wees dat die blanke beskawing gehandhaaf sal word. As Afrika beskerm moet word, is dit teen sy huidige bewindhebbers, want hul beleid, veral dié van die Britte, is 'n tragiese mislukking, 'n weg wat na die dood lei."

### *O.B.-standpunt oor die Monargie*

Hier volg weer 'n brief van mnr. T. B. Floyd van Johannesburg wat in Die Transvaler verskyn het. Die hele brief adem die gees van die Ossewabrandwag en van die O.B. se standpunt ten aansien van die Monargie. Dit lui:

„Die gebeurtenisse van die laaste dae het die Afrikaanse volk weer herinner aan die fondamente van sy hele volkstryd. Hierdie stryd woed nou eeue lank tussen republikanisme en nasionalisme aan die een kant en imperialistiese monargisme aan die ander kant. Solank ons volk 'n vreemde staatshoof het, is hy nie vry nie en bly hy in 'n minderwaardige posisie. Geen vrye volk, wat die naam werd is, kan 'n vreemde staatshoof duld nie.

„Alhoewel die Afrikaner die meerderheid van die blanke bevolking in ons land is, word hy deur die grondwet as 'n minderwaardige seksie behandel.

„Die Staatshoof mag nie 'n Afrikaner wees nie en mag nie lid van die kerk van die Afrikaner wees nie. Die lewensbeskouing en tradisie wat die staatshoof handhaaf, is imperialisties en vreemd aan dié van ons volk. Ons taal word ook nie deur die Staatshoof verstaan nie.

### *Anders in die Republieke*

„Hoe anders was dit in die tyd van die republieke, toe die staatshoofde voorbeeldige Godsmanne en Afrikaners was — manne met die Afrikaner se sterk republikeinse en demokratiese lewensbeskouing. Selfs 'n nasionalis wat monargis is, kan nie met die toestande vandag tevrede wees nie.

„Ons volkstryd is nie alleen een van republikanisme teen monargisme nie, maar wel een van ons eie staatshoof teen 'n vreemde staatshoof. Ons veg nie net teen monargisme nie, maar wel teen 'n vreemde monargisme.

„Die teenswoordige staatshoof bly dus vir ons 'n simbool van ons vernedering. Dit laat ons dink aan Vereeniging en saai verdeeldheid in ons land.

„Geen patriot of lojale burger van ons volk kan hiermee tevrede wees nie. Diegene wat in minder of meer mate nasionaalgesind is, mag 'n kompromis aangaan, maar geen volbloednasionalis en ware republikein kan ooit oor hierdie saak 'n kompromis aangaan nie."

### *Die Engelse Stem moet getroetel word*

Ten slotte haal ek 'n brief aan wat in Die Volksblad verskyn het. Hy maak beswaar teen die koningsgesindheid van die „nasionale" regering. Hierdie nasionaliste se kritiek op hul partyleiers se beleid is presies dieselfde as die O.B.-blad se kritiek.

Mnr. H. J. Taljaard, De Rust, Reddersburg, skryf in Die Volksblad:

„Die Afrikaners wat van Engeland baie verdrukking te verduur gehad het, kan nie begryp dat die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie so 'n bohaai daarvan gemaak het toe die Koning na Suid-Afrika uitgenooi is nie. Was dit nie voldoende om dit net in die nuusdiens aan te kondig nie? Waarom moes daaromtrent buitengewone aankondigings gedoen word?

„En wat die afsterwe van die Koning betref, kon geen groter ramp in die oog van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en van ons Nasionale Regering die wêreld getref het nie: Die hele Suid-Afrika in rou; die Parlement verdaag; 'n vakansiedag word uitgeroep, 'n routydperk vir die leër word voorgeskryf; kanonne word afgeskiet; eredienste word in kerke en stadsale gehou; en nog voordat Elizabeth in Engeland tot koningin uitgeroep word, was Suid-Afrika gereed om dit te doen.

„Ek begryp goed dat daar aanstaande jaar 'n verkiesing is en dat die Engelse stem getroetel moet word, maar het Botha en Smuts nie dieselfde geprobeer doen nie? Terwille van die Engelse stem is die Afrikaner-ideale oorboord gegooi en Afrikaners in die gesig geslaan. En waar het Botha en Smuts se pad geëindig?

„Ons wat nie wou saamsmelt nie uit vrees dat die Sap nie te vertrou is nie en saam met ons tans regerende leidsmanne gestry het, wag nou al byna vyf jaar dat iets vir die Afrikaner gedoen word. Vir die Engelssprekendes word veel gedoen. En Die Volksblad probeer maar toesmeer en goed praat. Die volk kom nie agter dat hy mislei word nie, maar as hy eers wakker skrik, sal die vergelding swaar wees.

„Engeland is besig om geldelik die afgrond in te tuimel en in plaas daarvan dat Suid-Afrika hom van Brittanje los maak, word hy met dubbele kettings aan hom gebind. As daar ruimte was, sou ek die kettings waarmee hy gebind word, kon opnoem."

# DIE STEM IN ENGELS

Volgens 'n aankondiging van dr. T. E. Dönges, minister van binnelandse sake het die Regering besluit om 'n keurkomitee saam te stel wat 'n geskikte Engelse vertaling van die Stem van Suid-Afrika moet uitsoek, sodat daar nog tydens die Van Riebeeck-fees erkenning vir 'n vertaling sal kom wat as amptelik beskou kan word.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### GEBOORTE

BESTER. — Aan Doreen en Willem 'n fris seun op 4 deser in die Booth-Gedenkhospitaal. Dank aan die Goeie Gewer, dokter en personeel — Commercial-Hotel, Darling.

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49

memo oor persoonlike keurigheid




Produkte van Suid-Afrika

Enigste Distribueerders in Suid-Afrika:

H. J. Niehaus (Edms.) Beperk.

Posbus 4883, Johannesburg

Posbus 2108, Kaapstad

# ONS IS VRY OM TE SKOP MITS ONS KOP IN DIE STROP IS

**Mnr. P. C. Kruger, Pk. Stoffberg, skryf:**

Hoe moet ons dit nou verstaan? Vir baie jare aaneen was beweer dat as ons die Britse konneksie sou breek, dan sal ons geen redder meer hê nie. En nou moet ons uit die mond van mnr. Havenga hoor dat ons swaar belas gaan word om Brittanje van ekonomiese ondergang te red. Moet ons nou ons redder gaan red?

**Die Engelse Koninkryk kan miskien nog gered word maar die Britse Empire het sy sirkel volgeloop en sy tyd uitgedien nes al die ander Empires voor hom. As die Engelse hulle koninkryk nog wil red dan is daarvoor nodig, in die eerste plaas, al die breinkrag en handearbeid van die Engelse volk self; en daarby sal die Engelse volk moet afsien van hulle Imperialisme.**

### TRAAG

Indien ons nie saam met die Britse Empire ten onder wil gaan nie dan sal ons die sinkende skip betyds moet verlaat. Al sou ons al ons rykdomme aan die Britse Empire skenk dan nog sal ons hulp net 'n druppel in 'n emmer wees. Ons kan die Britse Empire ekonomies nie red nie.

**Die Brit het 'n gewoonte daarvan gemaak dat ander nasies vir hom moet oorlog voer en nou moet ons nie help om hom gewoond te maak dat ander nasies hom ekonomies ook moet red nie. 'n Man wat te traag is om sy brein en sy hande te gebruik om hom ekonomies in stand te hou, en verwag dat ander dit vir hom moet doen — sy ekonomiese ondergang was nog altyd verseker.**

En is dit nie die toestand van die Engelse volk nie? Onlangs het ek nog in 'n Engelse blad gelees dat 'n messelaar in Engeland nie meer as 300 stene per dag hoef te messel nie. Moet ons messelaars nou verplig word om 'n duisend stene per dag te lê om die luiaard in Engeland ekonomies te red?

### BRITSE VRYHEID

Ons volk word reeds swaar belas om die rente te betaal op die geleende geld wat gebruik is om vir die Britse Empire oorloë te voer. Is dit nou ook 'n deel van die Britse vryheid wat ons geniet?

**Maar van die Britse vryheid gepraat. Paul Kruger het in 1881 gewaarsku en gesê die Britse vryheid beteken steek jou kop in die Britse strop. Dan kan die Britte jou ophang terwyl jy vry is om met jou voete te skop nes jy wil. Ons kop is al sedert 1903 in die Britse strop en sedert daardie tyd is ons al vry om met ons voete te skop nes ons wil. Nou is ons al besig om dood te wurg. Is daar dan geen plan om ons kop uit die strop te kry nie?**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

stoel. Die O.B. dui die koers aan waarlangs die enigste redding van die volk geleë is.

**Ek vra: waar gaan die Nasionale Party met sy Empirebeleid die volk beland as die Ossewabrandwag nie 'n wakende oog hou oor ons Afrikanervolk se ideale nie?**

Ons moet ons eie republiek hê buitekant die sogenaamde Statebond en die Britse Empire se geknoei. Ons moet ons eie president hê en ons moet ons eie goue ponde kan slaan met ons eie president se kop daarop.

Ek is oortuig daarvan dat Suid-Afrika nooit sal regkom voordat ons nie eers ons eie republiek het en ons eie president nie. Ek glo dat as dit nie gebeur nie, dan is dit Ikabod met die Afrikanervolk.

# BRITSE MODE

**„Genoeg Daarvan," Kaapstad, skryf:**

Toe ek verlede week 'n besoek gaan aflê het by die Volkshospitaal, was ek verbaas om soveel konstabels daar op diens te sien. Daar was op een tydstip nie minder as vyf daar bymekaar nie, en ek het gewonder watter groot misdaad daar op die terrein van die krankes gepleeg sou gewees het. U kan dus my verslaendheid begryp toe op my vraag geantwoord word dat mev. Jansen, eggenote van die Goewerneur-generaal in die hospitaal siek lê en dat die konstabels haar lyfwag is.

### SOOS 'N BRITSE LORD

Nou, mnr. die redakteur, het ek — en ongetwyfeld almal van ons — met groot leedwese kennis geneem van die siekte van mev. Jansen, 'n vrou vir wie veral ons republikeine groot agting koester. Ons ken haar as 'n egte Boerevrou, eenvoudig en minsaam in haar omgang, iemand wat geen persoon kwaad aangedoen het nie. Maar hier word byna 'n halfdosyn polisie voor die gebou opgestel waar sy siek lê. Vir wie is hulle bang? Wie sal hierdie eerbare vrou enige kwaad kom aandoen?

**Of is dit maar net grootdoenery op Britse model? Moet ons regtig so slaafs op die Britse spoor volg dat selfs die eggenote van ons staatshoof deur 'n swaar lyfwag omring moet word waar sy in 'n openbare hospitaal lê?**

**Dit was al reeds vir my 'n doring in die oog dat ons nasionale Goewerneur - generaal net soos 'n Britse lord aangery word na die perdereisies toe omdat dit 'n Britse gebruik is, en nou nog hierdie skouspel ook!**

# KAN OP TWEE STOELE NIE SIT

**Mnr. H. F. Wasserman, Lang Riet, Humansdorp, skryf:**

Geen mens kan op twee stoele tegelyk sit nie. Niemand kan tegelyk op die O.B.-stoel en op die Nasionale Party-stoel sit nie. Die Nasionale Partystoel is m.i. die Empire-stoel en die O.B.-stoel is die regte

# Fees op Uniondale

Mev. A. van der Westhuizen (komdt.) berig dat die Uniondale kommando weer vanjaar, soos voorheen, bymekaar gekom het om Vryheidsdag te vier.

# MINISTERS SE SALARISSE IS GLO ONWETTIG

**„Sedert die Unie tot stand gekom het, is daar nog nooit salarisverhogings aan ministers uitbetaal sonder verlof van die Parlement nie," verklaar die Ouditeur-generaal in sy jongste jaarverslag wat aan die Parlement voorgelê is. Volgens hom is die salarisverhogings wat sedert April verlede jaar aan ministers uitbetaal is, ongemagtigde uitgawes.**

Hy verklaar dat die sekretaris van finansies hom op 2 Augustus 1951 in kennis gestel het dat die Eerste Minister besluit het om die ministers se salarisse te verhoog — met terugwerkende krag vanaf 1 April 1951. Die Eerste Minister se salaris is van £4,000 na £5,000 verhoog en die ander ministers se salarisse is van £3,000 na £4,000 per jaar vermeerder.

### ONGEMAGTIG

Die Ouditeur-generaal maak bekend dat hy die sekretaris van finansies in kennis gestel het dat die Eerste Minister se gesag onvoldoende is aangesien die parlement die verhogings moet magtig; en dat hy derhalwe alle salarisse aan die Eerste Minister en sy ministers bokant £4,000 en £3,000 per jaar as ongemagtigde uitgawe beskou.

Die sekretaris van finansies het egter nie saamgestem nie en die saak na die regering se regsadviseurs verwys. Hulle het gesê „dat 'n minister se salaris vasgestel word deur die persoon wat die mag het om hom aan te stel, nl. die Goewerneur-generaal."

### VERSKIL

Die Ouditeur-generaal verklaar: „Met alle respek, ek stem nie saam met die bevinding van die regsadviseurs nie, en in hierdie verband moet ek daarop wys dat sedert die Unie tot stand gekom het, is daar nog nooit salarisverhogings aan ministers uitbetaal sonder verlof van die parlement nie."

Die Ouditeur-generaal se verslag sal deur 'n Gekose Komitee ondersoek word, wat dan weer aan die parlement daaroor verslag sal doen.

**O.B. VRIENDSKAPSENTRUM**

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer U in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*




DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

**UNIEWINKELS**


BEPERK

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

**Takke: Johannesburg, Germiston, Benoni, Vereeniging, Kaapstad**

**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**

**Waar u ook mag wees**



**Kommando**

**Suid - Afrika se gewildste sigaret**

** Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

# HET OP SY EENTJIE VRYHEIDSDAG GEVIER

**In die verre noorde van Suidwes-Afrika het een Afrikaner vanjaar alleen Vryheidsdag gevier. Hy is mnr. George D. van der Smit van Outjo. In die gees egter was hy met mede-republikeine oor die lengte en breedte van Suid-Afrika verenig. Hy sien uit na die dag wanneer 'n kommando gestig kan word. Dan sal baie Afrikaners saam met hom Vryheidsdag kan vier. „Dit is vandag Majuba-dag en my hart brand om ook daar te wees waar die vryheidsvure brand en waar ons mense saamkom," skryf mnr. Van der Smit onder datum 27 Februarie.**

„Nietemin het ek alleen ook Majuba-dag gevier deur vanoggend, dou-voor-dag, skote met die ou Leemetford af te skiet. En toe die sonnetjie uitkom het my groot (6 vt x 4 vt.) O.B.-vlag in die oggendlug gewapper. Dit is eers met sonsondergang neergehaal.

„Ek stuur aan u die name en die geld van drie nuwe intekenare en ek sien uit na die dag wanneer ons 'n kommando hier in die verre noorde kan stig.

„Die jongste verwikkelinge sal heelwaarskynlik tydelike verwarring in ons geledere bring maar ons kom weer gesterk daaruit en ons marsjeer voorwaarts op die Pad van Suid-Afrika — na die Vrye Republiek."



MNR. G. D. VAN DER SMIT

## HEIDELBERG SE VLAM BRAND

**Vir die derde agtereenvolgende jaar het die kommando van Heidelberg (Kaap), Vryheidsfees gehou op die plaas van die kommandant, mnr. Niklaas Uys.**

**Komdt. Uys het die verrigtinge gelei en aangevang met skriflesing en gebed.**

**Genl. J. L. Swart het die aanwesiges gevra om 'n oomblik in stilte te staan as 'n blyk van hulde aan wyle hoofkomdt. Van Coller wat aan die end van verlede jaar oorlede is. Met die afsterwe van hoofkomdt. Van Coller het die gemeenskap 'n ywerige en troue offisier verloor.**

Nadat genl. Swart al die aanwesiges, vernaamlik ook die oud-offisiere wat aanwesig was, welkom geheet het, het hy 'n kort en treffende toesprakie gehou waarin hy alle O.B.-lede aangespoor het tot diens en ywer.

**BELANGSTELLING**

Daarna het oud-hoofkomdt. P. Uys aan die woord gekom, en hy het 'n besielende rede gevoer na aanleiding van die O.B. se leuse: My God, My Volk, My Land Suid-Afrika.

Vervolgens het komdt. Uys daartoe oorgegaan om die Vryheidsvuur aan te steek en die bykomstige program af te handel. Hierdie deel van die verrigtinge het oud-hoofkomdt. Uys met gebed afgesluit.

Daarna het almal na die plaaswoning gegaan waar die aand verder gesellig deurgebring is.

Die bedrag van £7/11/9 is in die Republikeinse kissie gestort.

**Die belangstelling was vanjaar beter as in vorige jare, en dit selfs ten spyte van die weer wat die aand veel te wense oorgelaat het. Ook van Zuurbraak het lede opgedaag vir die fees.**

**Die Vryheidsvuur in Heidelberg brand nog en ons hou dit brandend! (Eie Berig).**

## OOM WILLEMSE SE VUUR

Die Vryheidsvuur het vanjaar weer gebrand op Boekenhoutkloof. Dit is in Waterberg se wêreld, naby Nylstroom. Ou oom Willemse, wat agt maande gelede hier ingetrek het, het sy bes gedoen om Amajuba-dag te vier.

Hy het sommer self 'n groot houtstapel aangepak met die doel om maar alleen die Vryheidsvuur aan te steek. Maar die aand toe die vuur aan die brand gesteek is, was daar darem ses grootmense en nege kinders wat saam met hom trou aan die republiek kom sweer het.

**SALUUT-SKOTE**

Toe die vlamme hoog in die lug opstyg het oom Willemse 3 saluut-skote afgeskiet en daarna die aanwesiges kortliks toegespreek.

Hy het verduidelik wat die dag beteken en het ook vertel dat 27 Februarie in die jaar 1882 deur president Kruger en sy Volksraad tot 'n openbare feesdag verklaar was. Hy het voorts die hoop en vertroue uitgespreek dat dit aanstaande jaar beter sal gaan en dat daar meer mense aan die fees sal deelneem.

Een ding spyt my, het oom Willemse gesê, en dit is dat in ons skole so min aan die kinders vertel word van daardie roemryke geskiedenis van Amajuba. Spreker glo goed dat dit in ons kinders ingepomp sou geword het as dit 'n Engelse dag was. Maar dit gaan in ons skole maar treurig met ons vaderlandse geskiedenis.

**Mens kan gerus maar die hedendaagse kinders uitvra oor hul volk se geskiedenis om uit te vind hoe min hulle daarvan weet. Meeste weet so-te-sê niks van Slagtersnek nie; en ook nie van talle ander bakens op die lydensweg van hulle volk nie.**

Ek, as 'n oud-stryder, het oom Willemse gesê, dink dat ons onderwyshoofde darem gerus 'n bietjie aandag aan hierdie saak kan gee; want dit is treurig soos ons vaderlandse geskiedenis op die agtergrond gehou word. (Eie Berig).

## *Australië Handhaaf Empire-Beleid*

**Die regering van die Australiese Statebondskoninkryk het verlede Saterdag aangekondig dat hy die land se invoere met die helfte gaan verminder. Die eerste minister het verklaar dat die stap 'n uitvloeisel is van samesprekinge wat gevoer is op die Empire-konferensie van al die Britse Koninkryke en gebiede se ministers van finansies.**

Die invoere van sommige artikels, soos motorkarre, motorfietse, tabak, bier, spiritus, tekstielware, skoene, ens., sal met tagtig persent verminder word. Hierdie tagtig persent vermindering sal veral huisvroue swaar tref, want dit sal ook artikels soos wasmasjiene, koelkaste, kospotte, stowe en breekgoed insluit.

Die regering het verduidelik dat hierdie invoervermindering nie permanent sal wees nie. Net maar tot die Britse geldkrisis verby is.

**LONDEN**

Mnr. N. C. Havenga, die Unie se minister van finansies, wat ook die Empire-konferensie in Londen bygewoon het, het by sy terugkeer aangekondig dat die Unie-regering die land se invoere — veral uit dollar-gebiede — drasties sal inkort.

Dit blyk derhalwe dat die finansiële beleid van die Australiese Koninkryk, van die Suid-Afrikaanse Koninkryk — trouens van al die Britse koninkryke en kolonies — op die Empire-konferensie in Londen bepaal is — en nie deur die betrokke koninkryke se soewereine parlemente nie.

## MOONTLIKHEDE VAN O.B. SE PROPAGANDA

**In sy weeklikse politieke oorsig in Dagbreek skryf Willem van Heerden o.m. dat die „gesuiwerde" Ossewabrandwag „die situasie in die toekoms terdeë kan beïnvloed." Hy verklaar dat die „agressiewe" Ossewabrandwag-groep „'n ewe haastige groep republikeine binne die Nasionale Party kan omkrap."**

„Sou die Nasionale Party dus deur praktiese oorwegings gedwing word — soos wel kan gebeur — om republikanisme vir onbepaalde tyd 'n langtermynse doelstelling te hou, is dit nie onmoontlik dat energieke propaganda van die O.B.-groep in die Kaap die ongeduldige deel van die Nasionaliste ook kriewelrig en opstandig sal maak nie," skryf hy.

„Veral as hulle die suggestie van 'n diktatuur, wat ook baie Nasionaliste nog lees in die partylose kwalifikasie van hulle republiek, kan verwyder; en as 'n ander leier vir dr. Malan met sy persoonlike prestige later miskien vervang, is hierdie O.B.-groep vir die Nasionale Party nie sonder lastige moontlikhede nie."

# WAGHOND TEEN MAGSMISBRUIK

**Die Regering gaan voorstelle by die Parlement indien om 'n amptenaar aan te stel, wat as waghond sal optree, om te waak teen magsmisbruik deur ministers en rade. Hierdie informasie is deur die Eerste Minister verstrek in die Volksraad op 'n vraag van mnr. J. H. Russell (V.P.-lid).**

'n Gekose komitee van die volksraad het in 1949 aanbevelings oor die saak gedoen wat in beginsel deur die Regering goedgekeur is. Die regering het die voorstel aanvaar dat masjinerie geskep behoort te word vir die uitoefening van toesig oor die wyse waarop ministers en rade gebruik maak van mag wat die parlement aan hulle gedelegeer het, het die eerste minister gesê.

**Om toesig van die parlement te verseker het die komitee aanbeveel dat 'n amptenaar aangestel word wat jaarliks aan die parlement verslag sal doen.**

Die eerste minister het gesê dat wat betref die skepping van die masjinerie, die regering voornemens is om voorstelle dienaangaande aan die volksraad se komitee oor die reglement van orde te doen, wat dan 'n voorstel vir oorweging aan die volksraad sal kan voorlê.

# GOEDKOOP GESONDHEID

**Dr. Karl Bremer, Minister van Gesondheid, het in die Parlement uitgewei oor sy pogings om die volk se gesondheid te verbeter deur die toevoeging van proteïne in die goedkoop stapelvoedselsoorte. Hy het gesê:**

„Proefnemings aan die Universiteite Pretoria, die Witwatersrand en Kaapstad en die Departement van Volksgesondheid het bewys dat van drie tot ses persent vismeel by mieliemeel of brood rotte op 'n manier gesond hou waartoe mieliemeel alleen nie in staat is nie.

„Nou is ek in 'n posisie om 20,000 kinders in die inrigtings van my departement te voed met hierdie voedsel. My eie kleinkinders sal eet wat hierdie kinders in die inrigtings gaan eet.

**„As elke persoon in die land elke môre hierdie proteïne met 'n koolhidraat, of kunsbotter of botter en bruinbrood in die middel van die dag gegee kan word, is daar niks te vrees vir die gesondheid van die 12,000,000 inwoners van die land nie.**

„Ek weet nie of lede besef hoe goedkoop dit is nie. Dit is iets wat ons nie kan bekostig om te ontbeer nie, omdat dit soveel minder geld sal gebruik."

## Nehru Wen

In die langgerekte Indiese verkiesings het die Kongresparty onder leiding van die eerste minister, Jawaharlal Nehru 363 setels uit 489 verower, m.a.w. 74 persent van die setels.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein. Kaapstad.




Hierdie bekende Rembrandt-figuur simboliseer dit wat betroubaar en die moeite wêrd is in tabakvervaardiging. Dit staan vir Rembrandt kurk, ongekurk en Filter de Luxe, en ook Rembrandt VAN RIJN, die ideale dineesigaret—name opreg beroemd vir die uitstaande kwaliteit wat dit aan rokers bied.

ELKE REMBRANDT-SIGARET 'N MEESTERSTUK

Kopiereg R.A. 105